DIE EERSTE GEMEENTE Handelinge 2

Louis Louw

"Back to the basics!" is 'n wekroep wat jy nogal hoor in die tyd waarin ons lewe. Mense wil graag hê dat kerkwees weer vereenvoudig moet word tot die basiese dinge wat die eerste gemeente daar in Jerusalem gekenmerk het. Die eerste hoofstukke van Handelinge vertel vir ons die verhaal van hierdie merkwaardige gemeente.

Wat dit egter moeilik maak om presies te verstaan hoe hierdie gemeente regtig was, is dat almal van ons reeds in ons agterkop 'n prentjie het van die kerk wat deur die eeue heen ontwikkel het tot by die kerk soos wat ons dit vandag ken. Daarom is mens maklik geneig om hierdie prentjie te wil teruglees in Handelinge 2 se beskrywing van die eerste gemeente.

Voor alles moet ons minstens verreken dat die kerk in Handelinge ontstaan het as 'n *beweging* **en nie as 'n** *organisasie* **of 'n** *instituut* **soos wat hy vandag veral waargeneem word in die wêreld nie. Vanaf 'n kragtige, dinamiese beweging het die kerk reeds in die vierde eeu (Keiser Konstantyn) ontwikkel tot *Christendom* waarin die kerk as instituut 'n baie prominente rol speel. Alle vernuwingsbewegings deur die eeue (bv. die Reformasie) het mettertyd ook weer oorgegaan in nuwe kerklike of interkerklike organisasies.**

Dit is daarom met moeite dat ons nou weer 'n behoorlike prentjie kan opbou van die eerste gemeente daar in Jerusalem. Lukas dui wel in Handelinge 2 vir ons die volgende kenmerke aan.

DIE LEER VAN DIE APOSTELS.

Volgens Handelinge 2:42 het die Pinkstergemeente van 3000 mense hulle volledig gewy aan die leer van die apostels. Hulle het natuurlik nog nie 'n Nuwe Testament gehad nie, maar was afhanklik van mondelinge vertellings oor die leer en lewe van Jesus van Nasaret. Hierin het die apostels vir hulle voorgegaan, ook in die uitlê van die Skrifte (Wet en Profete) soos wat hulle dit self uit die mond van Jesus gehoor het.

Wat Petrus vir die skare op die Pinksterdag vertel het aangaande Jesus (vers 22-36) kan stellig beskou word as die geloofsbelydenis van die eerste gemeente en die vroegste kerk. Lees daarmee saam die inhoud

van die vroegchristelike himnes in Kolossense 1:15-20 en Filipppense 2:5-11.

Onder "die leer van die apostels" moet dus verstaan word die geloofsinhoud en daarmee saam die diepste identiteit van die gemeente daar in Jerusalem. Vandag sou dit kon slaan op die erns waarmee ons vashou aan die basiese Skrifwaarhede, veral daardie waarhede wat gekoester is deur die kerk van alle eeue.

VERSORGING VAN MEKAAR

Dalk die mees opvallende kenmerk van die eerste gemeente is dat hulle in alle opsigte na mekaar omgesien het. Dit is tog wat *koinonia* (vers 42) behels. Vers 44-45 stel dit onomwonde dat hulle alles wat hulle besit het, met mekaar gedeel het. Ter wille van "elkeen se behoefte" het hulle selfs hulle grond en besittings verkoop. Die Evangelie van Jesus Christus het hulle vrygemaak van enige sweem van individualisme en hebsugtigheid. Hulle het gelewe ter wille van ander.

HUISBYEENKOMSTE

Die "breking van brood" (vers 42 en 46) het by hulle huise plaasgevind, waar hulle mekaar graag ontvang en hulle lewens met mekaar gedeel het. "Breking van die brood" was stellig die heel eerste benaming van die Nagmaal oftewel die maaltyd van die Here (vers 46), maar dan was dit veel meer as net 'n ritueel (Vgl. 1 Korintiërs 11: 17-34). Veel eerder kan hierin gesien word die byeenkomste van die heel eerste huisgroepe of selgemeentes, soos wat dit sedert die vorige eeu opnuut weer dinamies toegeneem het dwarsdeur die wêreld - veral in lande waar die kerk vanweë vervolging verplig was om ondergronds te gaan.

GEBEDE

Die eerste gemeente was baie duidelik ook 'n gebedsgemeenskap. Hulle het hulle diepe afhanklikheid van God besef, nog meer so toe kort daarna die bloedige vervolging in Jerusalem ontstaan het. Hulle het al hulle vertroue gestel op die beskerming van die Here en die leiding van sy Gees. By hulle was daar immers 'n radikale Godsbesef en 'n deeglik

transendentale bewussyn, anders as by baie mense in die tyd waarin ons vandag lewe.

WONDERS EN WONDERTEKENS

Met hierdie baie pertinente kenmerk van die eerste gemeente en die vroeë kerk is ons vandag nogal taamlik verleë. By hulle was dit kennelik anders. Soos wat Lukas se Evangelie gehandel het oor "alles wat Jesus begin doen en leer het" (Handelinge 1:1), so was Handelinge nou die voortsetting van wat Jesus gedoen en geleer het. Waar wonderwerke in die evangelie 'n integrale deel van Jesus se bediening was, so sou dit nou ook wees in die vroeë kerk. Talle voorbeelde word vir ons in die boek Handelinge verhaal.

TEMPELSAMEKOMSTE

Naas al die huisbyeenkomste word in vers 46 vertel dat die gelowiges ook elke dag getrou by die tempel bymekaargekom het. Dit moes dus die "massabyeenkomste" gewees het waarvoor die huise te klein was. Minstens drie afleidings kan hieruit gemaak word. Eerstens dat die eerste gemeente op hierdie stadium nog nie weggebreek het van die Joodse kultus nie. Daar het hulle selfs nog 'n mate van aanvaarding gevind, altans voordat die vervolging uitgebreek het. Tweedens is dit stellig 'n duidelike aanduiding van hulle geweldige entoesiasme dat hulle elke dag saamgekom het om niks te mis van wat die Here in hierdie opwindende tyd daar in Jerusalem besig was om te doen nie. Derdens korrigeer dit die misverstand by baie mense dat jou christelike geloof beperk sou wees tot 'n samekoms een dag in die week. Die gemeente van Jerusalem was inderdaad 'n daaglikse geloofsgemeenskap!

BLYDSKAP EN OPREGTHEID

Volgens vers 46 het hulle hulle kos met jubelende blydskap en in alle opregtheid geëet (Nuwe Lewende Vertaling). Waarskynlik is dit 'n aanduiding daarvan dat hulle nie in oorvloed gelewe het nie. Hulle etes was nie spandabelrig nie. Hulle het deurgaans in eenvoud gelewe (en na mekaar se behoeftes omgesien) maar te midde van dit alles was hulle lewenshouding die van blymoedigheid en opregtheid. Ten spyte van enkele uitsonderings (Ananias en Saffira) het integriteit en vriendelikheid hulle daaglikse lewenswandel gekenmerk.

AANBIDDING

Hulle het God deurentyd geprys, vertel vers 47. Dit sou kon slaan op uitdruklike aanbidding (worship), maar laat mens nogal dink aan gelowiges wat reeds die geheim van Filippense 4 geken het: *Moet oor niks besorg wees nie, maar maak in alles julle begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend. En die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, sal oor julle harte en gedagtes die wag hou in Christus Jesus (Fil. 4: 6-7).*

GEMEENTEGROEI

Die noodwendige resultaat van so 'n liefdevolle, toegewyde en beGeesterde geloofsgemeenskap was dat hulle geweldig gegroei het: die Here het elke dag mense wat gered is, by hulle gevoeg (vers 47). Skaars 'n hoofstuk later was hulle al 5000 mans, met vroue en kinders nie bygereken nie (4: 4).

So lê dit aan die wese van die kerk van Christus dat hy 'n missionêre impak op die wêreld sal hê. Eintlik vanselfsprekend, sonder om al te hard te probeer – want dis die Here wat dit doen! 'n Lewende gemeente is 'n gemeente wat groei.

VOORTGAANDE VERNUWING

Graag sluit ek ten slotte aan by die vyf rigtinggewende stellings vir voortgaande vernuwing wat Johann du Plessis aflei uit die Handelinge-beskrywing van die vroeë kerk. (Vollediger op p. 78 in *Draers van die waarheid,* onder redaksie van Coenie Burger en Ian Nell):

- **Die** lewende Jesus en die Jesustradisie **is die kern van die gemeente-identiteit en in alle gemeentevernuwing sal daaraan die primêre plek gegee moet word.**
- **Die** ervaring van die leiding deur die Heilige Gees **is deurlopend die belewenis van die geloofsgemeenskappe in Handelinge.**
- **Die kerk is per definisie 'n** missionêre gemeenskap **en die evangelie word telkens in nuwe kontekste "verloor" om daarin weer nuwe gestaltes aan te neem.**
- **Die kerk is ook per definisie** inklusief**. Dit beteken dat die boodskap aan almal verkondig word, maar ook dat die gemeente in beginsel 'n oop gemeenskap is.**

- **Die struktuur van die** huishouding**, eerder as die groter strukture soos die tempelgemeenskap, is volgens Handelinge by uitstek die ruimte waar die nuwe gemeenskappe gesmee word.**

Daar in Jerusalem het die Jesusbeweging begin wat deur die krag van die Heilige Gees sal voortgaan tot op die jongste dag. In wisselende kontekste, ook hier in Afrika, moet hierdie beweging gestalte vind in dinamiese gemeentes wat die voortgang daarvan fasiliteer. Mag die Here aan ons almal die nodige wysheid, waagmoed en entoesiasme daarvoor gee!